

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 8, NO 3 MAART 2002

REDAKSIONEEL

Die Man van smarte bid vanuit die hel

Goeie Vrydag.
Golgota.

Die middaguur. Die evangelis Markus vertel: 'En toe dit die sesde uur was, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur toe' (15:33).

'n Hand van bo skuif onder die son. 'n Wonder. Die hele land(streek) rondom Golgota lê in duisternis. Die profesie van Amos 8:9 word vervul: 'En in dié dag, spreek die Here HERE, laat Ek die son op die middag ondergaan en vir die aarde die lig duister word terwyl dit nog dag is'.

Die kersnag word verlig vir die herders in die velde van Efrata. Hierdie Vrydag word die dag in nag verander.

Duisternis, van die sesde tot die negende uur, gedurende die eerste drie ure van die middag.

Dit is 'n heel besondere duisternis, hierdie. Die Heiland openbaar die betekenis daarvan in sy vierde kruiswoord. 'My god, my God, waarom het U My verlaat?'

God *verlaat* die Middelaar. Hieroor kan 'n mens slegs stamel. Die volkome liefde wat die Vader Hom betoon het, verander in gloeiende toorn. Dit word donker. Die Here neem die lig wat Hy op die eerste dag geskep het, weg. Lig is die eerste voorwaarde vir lewe. Hy werp ons Middelaar in die dood, in die ewige dood. Die Lig van die wêreld – in die buitenste duisternis.

Hier staan ons by die diepte van sy lyding. In die buitenste duisternis is Hy by uitstek die Man van smarte van Jesaja 53. Die hel gaan oop. In hierdie drie uur dra Hy God se ewige toorn teen die sonde en God se regverdige straf. Hy, God en mens in een Persoon, dra ewige toorn in dié drie donker ure weg. Is een uur vir Hom nie soos duisende jare nie?

Die Man van smarte in die buitenste duisternis. Die angs wat Hy volgens Hebreërs 5:7 deurmaak, is onbeskryflik. God betoon geen guns nie, maar vergeld, toorn, vervloek. Daar is nie – soos die nag tevore in Getsemane – een engel om Hom te versterk nie. Engele wyk van Hom. Dis die oord van die duiwel en sy legioene. Hier bestaan geen band tussen enige skepsel nie. Alle verhoudinge ontbind. Christus word 'n vloek. So lees ons in Galasiërs 3:13. Sy angs, smarte en verskrikking is onuitspreeklik (Heidelberge Kategoriesmus, antwoord 44).

God werp die Man van smarte tydens sy lewe op

aarde in die buitenste duisternis. Mense wat reeds in die hel bly, is daar nog inkompleet. Hulle wag angstig op die dag van die opstanding van hulle liggaam tot verdoemenis. Hulle ly slegs onder 'n voorlopige straf. Ons Heiland dra egter die straf soos dit na die jongste dag sal wees, in sy hele mens-wees, in sy siel en in sy liggaam.

Drie uur duisternis. Dit bly drie uur stil. Die Here Jesus het voor die angswekkende duisternis drie kruiswoorde uitgespreek. Tydens die drie uur sê Hy geen woord nie. Hy, die regverdige, aanvaar God se vreeslike toorn. Hy neem die straf gewillig aan. Hy daal neer, *aktief*, in die hel.

Waarom bly dit drie ure lank stil? Hy dra ons smarte. Hy ondergaan in ons plek helse angs en benoudheid. Galasiërs 3:16 openbaar sy liefde vir ons: In die buitenste duisternis koop Hy ons los 'van die vloek van die wet deur vir ons (in ons plek) 'n vloek te word'. Hy koop almal wat die Vader aan Hom gegee het, los. Hy betaal die prys van ons loskoop met sy gang na die buitenste duisternis, sy neerdaling na die hel.

Die einde van die drie uur. Hoor, 'n gebed vanuit die hel. Die enigste en volmaakte gebed vanuit die buitenste duisternis. Christus lê sy hande op die troon van sy Vader. Nee, die naam 'Vader' – so het Hy die Here altyd aangespreek – kom nie oor sy lippe nie. God het Hom immers verstoot?! 'God', U verstoot My, maar Ek hou aan U vas. 'My god, my God'. Wie het Hy buiten God in die hemel? Buiten Hom het Hy nooit iets op die aarde begeer nie. Al beswyk nou sy vlees en sy hart in die hel – Hy sê: 'My God', U is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid' (sien Psalm 73:25-26). Deur God verlaat, hou ons Middelaar van sy kant die Here vas. Hy bly sy slaande God in die hel liefhê.

Hy bid sy eie Psalm 22: Waarom het U My verlaat? Die Bybelskrywer wat dié Psalm gedig het, het wel 'n gevoel van verlating deur God gehad. Die Here was egter so naby – sy Gees het die digter geïnspireer. Die Seun wat toe, onder die ou bedeling, aan kom was, het toe die diepte van sy eie lyding vooruit bekend gemaak. Nou neem Hy sy eie woorde op die lippe: 'My God, my God, waarom het U My verlaat', My in die buitenste duisternis gewerp?

Hy bid Psalm 22 op die negende uur (Markus 15:34). Dit is volgens Handeling 3:1 die uur

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Die Man van smarte bid vanuit die hel
- 2 **Skrifoordenking**
Jesus se gebed om die geloofsvolharding van sy kerk
Dr AH Bogaards
- 3 **Regsmediese etiek**
Eutanase
Dr AH van den Bout
- 8 **Rekenaar en Internet**
'n Biblioteek van klassieke werke
Dr AH Bogaards
- 9 **'n Rand per week . . .**
Eindredakteur
- 9 **Mediese etiek**
Rasag in die hospitaal, kliniek of laboratorium
Prof JM Boon
- 10 **Kommentaar van lesers**
Jabes se gebed
- 10 **Persskou**
 - *Zim-za-la-bim*
 - *Namibië en Zimbabwe*
 - *Klaagliedere vir Zimbabwe*Ds GJ Meijer
- 12 **Gebed van Calvyn**

**VERENIGING VIR
GEREFORMEERDE
LEWENSWANDEL**

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R 100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

van die gebed. Die Middelaar in die hel. Die klok van Vader wys die uur van die gebed aan. En hoor, Hy bid. In die diepste lyding, in helse smart bly Hy gehoorsaam aan Hom wat gebied om te bid.

Hy ly en bly gehoorsaam, in die plek van die syne. Hy ly ons straf. En intussen bly Hy nog in ons plek God se wet volmaak volbring. So 'n Middelaar het ons.

Die Skrif lê op die Man van smarte se gebed vanuit die hel sterke nadruk. Die vierde kruiswoord is die enigste van die sewe wat in meer as een evangelie aan ons geopenbaar word. Die Heilige Gees herhaal hierdie kruiswoord (uit Markus 13:33-34) in Matteus 27:45-46. Hy onderstreep as 't ware die gebed uit die hel. Bowendien roep die Heiland sy gebed uit die hel 'met 'n groot stem', luidkeels, uit. Alle omstanders rond die kruis moet dit hoor. En almal wat die evangelie lees, moet dit hoor. Sy biddende stem klink deur die eeue.

Waarom het U My verlaat? God skeur die hemel oop. Die son gaan weer skyn. Hy het gehoorsaam na die hel neergedaal en standvastig gebly in sy liefdediens aan die Vader. Waarom het U My verlaat? Sy eie antwoord klink by elke nagmaal, naamlik 'dat Hy sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het om die skuldbrief van ons sonde daaraan vas te heg; dat Hy so ons vervloeking op Hom gelaai het om ons met sy seën te vervul; dat Hy Hom aan die kruishout, na liggaam en siel, tot in die allerdiepste smaad en angs van die hel verneder het, toe Hy hardop geroep het: My God, my God, waarom het U My verlaat? – sodat ons tot God geneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie'.

Die biddende Man van *smarte* in die buitenste *duisternis* het vir ons verwerf wat ons sing in Psalm 97:7:

*Gods vriend'like aangesig
straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte
vir alle opregte harte.*

SKRIFOORDENKING

Jesus se gebed om die geloofsvolharding van sy kerk

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Lukas 22:31-34

En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeer is, moet jy jou broeders versterk. En hy het vir Hom gesê: Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan. Maar Hy antwoord: Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy drie maal geloën het dat jy My ken nie.

Met aflegging van geloofsbelydenis neem ons ons voor om deur die genade van God in die leer van die Bybel te volhard (vraag 4 – formulier). Aan sy genadetafel skenk God ons die genade om in hierdie geloof te volhard. Daar word immers ons geloof deur God self versterk. Ons het dit ook so nodig, want elke oomblik is die duiwel besig om ons geloof te ondermyn.

In ons teksgedeelte hoor ons van Satan se versoek, maar ook van Christus se gebed. In beide, in die versoek van die duiwel en in die gebed van Jesus, gaan dit om hierdie een saak: ons geloof.

Satan se versoek

Die heel eerste nagmaal van die wêreldgeskiedenis is pas agter die rug. Op die pad vorentoe lê Getsemane, die gevangening van Jesus, sy verhoor en die kruis.

Dit is dus net nadat ons Here Jesus die nagmaal, die maaltyd van geloofversterking, ingestel het, dat Hy die ernstige woorde van ons teksgedeelte uitspreek: 'Simon, Simon, kyk'. Deur Simon se naam te herhaal, wil Jesus die groot gewig van wat hy nou gaan sê, beklemtoon. Die 'Simon, Simon' word boonop nog gevolg deur 'n 'kyk': Gee goed aandag, let wel.

Daarop volg die hoogs gewigtige uitspraak van Jesus: 'Die Satan het vurig begeer om julle soos

koring te sif'. Eintlik staan daar: 'Die Satan het gevra om julle soos koring te sif'.

In daardie tyd is op hierdie manier die kaf van die koring geskei. Dit is in 'n sif gegooi, wat kragtig heen en weer geskud is. Na die skudproses het die kaf bo gelê en is dit weggegooi.

Wat Satan vra, is dat die dissipels en ook ons in die sif van swaar versoeking gegooi mag word. Daarmee beoog die Satan hierdie een ding: Dat die kerk se geloof sal ophou. Pas was hulle by die eerste maaltyd van geloofversterking en dan kom die duiwel met sy versoek: Versoeking van die kerk, sodat hulle geloof sal ophou.

In Matteus 3 vers 12 lees ons ook van so 'n skeiding tussen kaf en koring. Daar is dit egter die Here Jesus wat met die skop in sy hand staan en sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand. Die koring is die gelowiges en die kaf die ongelowiges.

In ons teks is dit die Satan wat met die sif in die hand staan. Iemand het eenmaal gesê: Satan is die aap van God. Hy na-aap God. Maar met 'n ander bedoeling. Vir Jesus gaan dit om die behoud van die koring. Die duiwel daarenteen beoog die val van die gelowige. Ook die koring moet kaf word. Ook die koring moet met onuitbluslike vuur verbrand word. Dáár wil die duiwel ons hê: nie in die *skuur* nie, maar in die

vuur. *Ons geloof moet ophou*. Daarom moet ons in die sif van versoeking kom.

Die gebed van Jesus

Satan sif, maar Jesus bid.

Satan is die aap van God. In 'n sekere sin 'bid' hy ook, maar dit is 'n sataniese gebed. Dit is 'n versoek dat ons geloof *sal ophou*, dat hy ons geloof in die sif van versoeking mag gooi.

Daarteenoor staan die gebed van Jesus: dat jou geloof *nie ophou nie*.

Ons moet goed luister wat Jesus bid. Hy vra nie dat ons nie versoek sal word nie. Wat Hy wel bid, is dat ons in die geloof sal staande bly, ook wanneer die Satan aan ons geloofsluwe skud.

Wat is Petrus se reaksie dan op die woorde van Jesus? 'Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan'. Dit is nie geloof nie. Dit is self-vertroue. Maar geloof is nie selfvertroue nie. Wat is geloof dan wel? Dit is Gods-vertroue. Dit is presies wat die nagmaalformulier leer. As ons na die tafel toe kom, bely ons ons geloof, dan sê ons dat ons ons lewe buite onself in Christus soek. Buite onself – dus geen selfvertroue nie. Wel in Christus – dus Godsvertroue. Dit is wat geloof is: om met die ganse gewig van jou bestaan te steun op Jesus alleen.

Omdat Petrus juis dit nie gedoen het nie, het hy in daardie selfde nag geval.

Gebedsverhoring

Drie maal het Petrus geloën dat hy Jesus ken.

Was dit toe die einde van Petrus se geloof? Nee, want direk na die verloëning hoor ons dat Jesus Petrus aangekyk het en 'Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween' (Lukas 22:62). Dit was trane van berou, maar trane van berou is ook geloofstrane. Egte trane, treur oor ons sondes - dit het alles met geloof te make. Na Jesus se opstanding bely Petrus sy liefde vir Hom (Johannes 21) – die vrug van 'n ware geloof. Nog later, op Pinksterdag (Handelinge 2), hoor ons die bang Petrus onverskrokke Jesus preek en dan hoor ons ook dat Petrus

wel, ter wille van sy geloof, in die gevangenis gaan (Handelinge 12). Dan deins hy nie terug vir die lyding soos in die nag van die verloëning nie, maar in die geloof hou hy vol. Dan is daar nie selfvertroue nie, maar Godsvertroue.

Wat is die geheim van Petrus en die kerk se geloofsvolharding? Die biddende Jesus. Sy gevoude hande. Deur sy gebed neem Hy ons in sy almagtige hande en sy hande lê ons in die almagtige hande van sy Vader. En deur die eeue heen, dag vir dag, weerklink die Middelaarsgebed van Jesus, die gebed van Johannes 17:11: '(Vader) bewaar in u Naam die wat U My gegee het'.

Volhard ons in die geloof, omdat onself so sterk is? Nee, ons is self nie so sterk nie, maar Hy is so sterk. Selfs ons gebed is nie sterk nie, maar ons Here Jesus se gebed is so sterk. Hy bly vir ons bid, ook wanneer daar dae kom dat die Satan so aan ons ruk en skud dat ons geen gebed oor ons lippe kan kry nie.

In Lukas 22 sê Jesus vir Petrus: 'As jy eendag bekeer is, moet jy jou broeders versterk'. Jare later skryf Petrus sy eerste sendbrief aan mense wat in die sif van Satan geskud word: 'Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof' (1 Petrus 5:8-9). Dan versterk Petrus inderdaad sy broeders. Dit is niks anders as vrug van die gebed van Jesus nie.

Die nagmaal mag ons sien as verhoring van Jesus se gebed dat ons geloof nie sal ophou nie. In antwoord op Jesus se gebed om geloofsvolharding van sy volk, skenk God aan ons die tafel van geloofsversterking.

As ons opstaan van die tafel, sal ons eweneens die siftende hande van die Satan ontmoet. Maar daar is ook ander hande: die biddende hande van Jesus. Dit is daar om ons te dra en op te dra aan die bewarende hande van 'God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde'.

En bid-sing dan maar met blydskap:

*HEER, in u hande is my tye;
ek steun in al my leed
op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye.
Red my, o sielsverblyder,
van vyand en bestryder. (Psalm 31:12, berymd)*

REGSMEDIËSE ETIEK

EUTANASIE

Regsbeginsels en Bybelgefundeerde oorwegings (1)

Dr AH van den Bout, Pretoria

Die toestaan van aktiewe vrywillige eutanase in ons regstelsel het 'n belangrike toegewing gekry in die uitspraak van regter Thirion in die saak van *Clarke v Hurst*. Hierdie uitspraak wat in 1992 gedoen is, het die fondament gelê vir die ongestrafde beoefening van aktiewe vrywillige eutanase. Waar in 'n saak soos *S v Hartman* in 1975 die dader by die pleeg van aktiewe eutanase nog skuldig bevind is, alhoewel hy nie gestraf is nie, het hier 'n wesentlike verandering gekom in die gedagtegang van die regspraak.

Alhoewel hierdie uitspraak weloorwoë is en daar deur die regter moeite gedoen is om die hele gedagtegang uiteen te sit, kan tog vanuit die Bybel nie met hierdie gedagtegang saam-

gestem word nie. Dit is miskien goed om hierdie belangrike hofsaak wat in die Hooggeregshof van die plaaslike afdeling van Durban en kusgebiede plaasgevind het, van nader te beskou. In die tweede artikel sal ons probeer om 'n Bybelgefundeerde bespreking oor hierdie problematiek te gee.

Die feite van die saak

In die saak van *Clarke v Hurst* het dit gegaan oor dr FC Clarke se vrou se aansoek om as kurator oor haar man aangestel te word, waar hy in 'n sogenaamde *persisterende vegetatiewe toestand* versorg is nadat hy breinskade opgedoen het na 'n hartaanval. Met die magte van die kuratorskap het die vrou van dr Clarke

toestemming gevra om daarmee gelyktydig die reg te hê om enige mediese of chirurgiese behandeling toe te staan, of te weerhou en ook om toegelaat te word om enige behandeling waaraan die pasiënt op daardie moment onderworpe was, te stop, of in die toekoms te mag stop en dan met name om die nasogastriese voedingsbuis te verwyder sodat die pasiënt geen verdere voeding sou kry nie. Die aansoek is by die hof ingedien ten einde te verklaar dat indien hierdie magte aan die vrou van dr Clarke toegestaan word, dit nie onregmatig was om so 'n handeling uit te voer nie.

Dr Clarke se vrou het in haar eedverklaring die bedoeling uitgespreek dat as die aansoek toegestaan sou word, dat sy die nasogastriese buis, wat in die pasiënt geplaas is om hom van voeding te voorsien, mag verwyder sodat die pasiënt kan sterf. Sy was daarvan bewus dat die verwydering van die nasogastriese buis haar man se dood sou veroorsaak. Sy voer egter aan dat die verwydering van die buis nie die oorsaak van die dood sou wees nie, maar die hartarres (hartstilstand) wat hy gehad het as gevolg waarvan hy breinskade opgedoen het, die oorsaak van sy dood sou wees. Nieteenstaande die beste bedoelings van al die mediese versorgers was hulle slegs daartoe in staat om die doodsproses uit te rek. Sy was van mening dat hulle nie haar man se lewe gered het nie. Haar gedagtegang is dat deur die beëindiging van die kunsmatige voeding die sterwensproses beëindig kan word, deurdat die liggaam onthou word van sy noodsaaklike voedingstowwe. Die aansoek word gesteun deur die pasiënt se twee susters, asook sy vier kinders.

Die pasiënt is 'n 68 jarige gekwalifiseerde mediese praktisyn wat tot sy hartstilstand aktief betrokke was in die mediese praktyk. Die pasiënt was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Vrywillige Eutanasië Genootskap en het 'n dokument onderteken wat 'n "Living Will" genoem word, whereby hy sy familie, asook sy dokter en enige hospitaal instruksies gee dat, indien hy in die omstandighede kom whereby hy geen redelike verwagting het om te herstel van fisiese of geestelike ongesteldheid nie, hy toegelaat sou word om te sterwe en hom nie kunsmatig aan die lewe te hou nie. "I ask that medication be mercifully be administered to me for terminal suffering, ever though this may shorten my remaining life...." Hierdie gedagtegang het hy ook dikwels en in die openbaar verdedig.

Die applikant vra dus vir 'n bevel whereby sy toegelaat sou word om stappe te neem wat in feite op 'n misdad of 'n onregmatige daad neerkom, aangesien sy stappe neem wat die lewe van 'n pasiënt beëindig. Nadat 'n aantal sake bespreek is, kom die regter tot die gevolgtrekking dat die hof in so 'n geval en ondanks teenstand van die prokureur generaal sy diskresie kan uitvoer ten gunste van 'n verklaring, whereby die hof kan besluit of 'n bepaalde optrede 'n applikant aan 'n misdad skuldig maak. Die hof sal dan slegs 'n bevel gee volgens die feite in dispuut, indien daar geen redelike moontlikheid is dat die applikant 'n misdad teen die pasiënt sou pleeg nie. Die redenasie van die *Curator ad Litem* wat die aansoek ondersteun het, was dat 'n volwassene wat volledig en wettiglik kompetent en gesond van gees is, 'n absolute reg het op die sekuriteit en integriteit van sy liggaam. Volgens die reg is hy dan geregtig om enige mediese behandeling wat hy moet ondergaan te weier, al sou so 'n weiering tot sy dood lei.

Buitelandse hofuitsprake

Die redenasie steun op drie Amerikaanse hofsake, whereby die hof 'n aantal veiligheidsmaatreëls neergelê het vir die surrogaat besluitnemer om te voldoen aan wat die wil van die pasiënt is. Die surrogaat besluitnemer moet van ten minste twee onafhanklike dokters, wat kennis het van neurologie, verslae kry wat vasstel dat die pasiënt in 'n persisterende vegetatiewe toestand

is en dat daar geen moontlikheid is dat die pasiënt ooit sal herstel tot 'n kognitiewe bewustelike toestand nie. Die reg tot selfbeskikking weeg swaarder as die staat se belange vir die behoud van 'n individu se lewe. Kompetente persone moet oor die algemeen toegelaat word om mediese behandeling te weier, selfs as dit beteken dat 'n pasiënt kan doodgaan. Om hierdie reg van die individu wat in 'n persisterende vegetatiewe toestand verkeer, uit te voer, het die hof homself gewend tot die *beginsel van surrogate besluitneming* namens die pasiënt.

Waar 'n kompetente pasiënt die reg het om so 'n besluit te neem, kanselleer inkompetensie nie so 'n reg om lewensondersteunende behandeling te weier nie. Waar so 'n pasiënt egter duidelik sy bedoelings oor so 'n soort behandeling uitgespreek het, moet dit gerespekteer word.

In ons reg is daar egter die probleem dat die *curator personae* nie slegs die wense van die pasiënt moet uitvoer nie, maar dat hy te alle tye 'n plig het om in die beste belang van die pasiënt op te tree. Die welsyn van die pasiënt moet die belangrikste oorweging wees. In ons reg is dit nie presies dieselfde as by die Amerikaanse reg waarby die individu se reg vanselfsprekend die swaarste weeg nie. In ons reg word 'n persoon wat 'n ander persoon help om selfmoord te pleeg, skuldig bevind aan moord of strafbare manslag, afhangende van die omstandighede van die geval. Hierby word verwys na *S v Grotjohn* waarby 'n man 'n gelaaide haelgeweer aan sy vrou met selfmoordgedagtes gegee het, waarna die vrou haarself geskiet het.

In 'n soortgelyke saak van *Karen Quinlan* het die Hooggeregshof van New Jersey besluit dat, as die vader die opdrag sou gee om die lewensondersteunende behandelinge wat sy dogter gekry het, te staak sodat sy daardeur kon doodgaan, die handeling nie onregmatig sou wees nie. Die hof was bewus van die feit dat beëindiging van lewensondersteunende behandeling Karen se dood sou veroorsaak. Die hof was van oordeel dat die dood wat op so 'n beëindiging sou volg, nie die doodmaak van 'n mens sou wees nie, maar eerder dat die natuurlike verloop van die sterwensproses sy gang sou gaan. Daar sou dus geen kousale verband bestaan tussen die dood en die staak van die behandeling nie en tweedens: Selfs as daar wel so 'n verband sou bestaan, sou die oorsaak van die dood nie onregmatig wees nie. Regter Thirion oordeel egter dat so 'n benadering nie sommer in ons regstelsel toegelaat word nie.

Die toestand van die pasiënt dr Clarke

Die toestand waarin die pasiënt verkeer het, word as 'n *persisterende vegetatiewe toestand* beskryf. Hierdie term is die eerste keer gebruik deur dr Fred Plum, professor van die Departement Neurologie by die Cornell University, en wêreldbekende neuroloog. Die term '*persisterende vegetatiewe toestand*' beskryf 'n neurologiese toestand whereby die pasiënt die funksies behou wat as die vegetatiewe deel van die neurologiese funksies beskryf kan word, maar dat daar geen kognitiewe funksies meer aanwesig is nie. Die liggaam funksioneer dus geheel en al in terme van sy inwendige kontrole-sisteme. Die liggaam behou sy verteringsfunksie as ook die refleksaktiwiteite van spiere, asook die bloedsirkulasie, asemhaling en bepaalde ander biologiese funksies. Daar is egter geen bewys van enige bepaalde gedrag, of self-bewustheid, of bewustheid van die omgewing nie. Die toestand is dus 'n kroniese persisterende neurologiese afwyking wat onomkeerbaar is en whereby geen kognitiewe of intellektuele funksies aanwesig is en ook nie enige selfbewussyn of bewustheid van die omgewing en geen doelgerigte liggaamsbewegings aanwesig is nie.

Nadat die pasiënt geresussiteer is na sy hartaanval, is daar 'n tracheostomie gedoen whereby daar 'n uitgang van sy lugpyp in

sy keel gemaak is om sy beademing te vergemaklik. Aanvanklik was hy aan 'n beasemingsapparaat gekoppel, maar sy toestand het sodanig verbeter dat die beasemingstoestel later nie meer nodig was nie. Die pasiënt het spontaan asemgehaal en die tracheostomie moes dus oopgehou word vir die doel van asemhaal, asook vir die doel van uitsuiing van sekresies van sy lugweë.

'n Aantal getuiedeskundiges is toe in verband met die toestand van die pasiënt aangehoor en sy toestand kan as volg opgesom word:

1. Die pasiënt bly diep komateus en ernstige breinskade het ingetree met atrofie van die cortex en groot holtes met breinvog gevul, het ontstaan.
2. Die pasiënt is nie in staat om enige doelgerigte bewegings te maak soos om iets te gebruik, of homself te krap nie. Slegs primitiewe refleksresponse is aanwesig op pynstimuli en geen doelgerigte bewegings nie.
3. Die pasiënt is nie in staat om enigsins doelbewus te praat nie. Waar die pasiënt aanvanklik nog geluide gemaak het en dan met name kreungeluide, het hy geleidelik aan stiller geword, soos dit by breinbeskadigde pasiënte gaan. Die pasiënt het geen selfbewustheid of bewustheid van sy omgewing nie.
4. Die pasiënt maak sy oë oop, maar daar is geen motoriese of intellektuele respons nie.
5. Die pasiënt het geen bewustelike beheer oor sy blaas nie.
6. Die pasiënt se derms word geledig deur 'n onwillekeurige refleks. Die hart, longe, niere, die spysverteringstelsel en die bloedsirkulasiestelsel funksioneer verder bevredigend.

'n CATscan van die pasiënt se brein is herhaaldelik gedoen en het gewys dat die buitenste lae van die brein (die cortex) aansienlik verdun het en dat die voue van die cortex duidelik sigbaar was, wat 'n aansienlike verdunning van die cortex beteken. Die vogge vulde holtes in die brein was almal aansienlik en simmetries vergroot. Alhoewel die pasiënt sy oë oopgemaak het en sy pupille die normale reaksie getoon het op lig, het die pasiënt popoogbewegings gehad, met die rotasie van sy kop na die sykante, asook op en af. Die pasiënt het 'n spastisiteit van al sy ledemate gehad met 'n oordrewe refleks. Die aard van die styfheid het aangedui dat die pasiënt breinstamskade gehad het. Allerlei abnormale reflekse was aanwesig. Die EEG het gewys dat daar 'n wydverspreide verstadiging was van die normale breinelektriese aktiwiteit en dat dit ooreengestem het met diffuse skade van die brein. Geen herstel van neurologiese of geestelike funksies is moontlik nie. Die pasiënt moes tweewurliks gedraai word om bedsere en ernstige ontstekingsproses as gevolg daarvan te voorkom en die pasiënt se slym van sy lugweë moes gereeld uitgesuiig word om ernstige longontsteking te voorkom.

Waar die pasiënt dus dood is vir wat betref sy cortex waar sy intellektuele funksies gehuisves is, is die pasiënt nie dood wat betref die dele van sy brein wat sy outonome senuweestelsels reël nie, soos die beheer van sy asemhaling nie. Alhoewel party deskundiges nie met 100% sekerheid kon sê dat die moontlikheid van die deel van die cortex om inligting te ontvang, ook beteken dat die pasiënt nie bepaalde omgewingsinvloede kan waarneem nie, kan daar geen enkele reaksie by die pasiënt uitgelok word nie.

'n Duidelike onderskeid moet dus gemaak word tussen 'n pasiënt wat bewusteloos is of in 'n koma is, as gevolg van die feit dat daar permanente fisiese skade van die breinstof self ontstaan het.

Op 'n vraag om kommentaar te lewer oor die kwaliteit van lewe wat vir die pasiënt oorgebly het, is die opmerking deur een van die deskundiges gemaak dat die *onderskeid tussen menslike lewe en ander vorme van dierlike lewe geleë is in die intellektuele funksies van die menslike brein. Waar diere nog 'n bewussyn het van hulle omgewing wat tot hulle deurdring deur sintuie van gesig, reuk en aanraking, is dit nie geval by dr Clarke nie.* Slegs biologiese lewe bly dus volgens hierdie deskundige oor en geen belewenis van die pasiënt daarvan nie.

Om die pasiënt aan die lewe te hou, is hy op 'n nasogastriese voedingsstelsel geplaas. Waar daar in beginsel twee metodes bestaan om voedingoplossings toe te dien, naamlik die 'bolus'-metode en die 'infusie'-metode, is die 'infusie'-metode by hierdie pasiënt toegepas. Die nasogastriese buis, 'n dun plastiese pypie waardeur die voeding in die maag geplaas word, word egter as gevolg van die feit dat die pasiënt gereeld hoes, dikwels los gehoes en moet dan weer ingesit word. Hierdie probleem ontstaan gemiddeld elke twee tot ses weke. Die nasogastriese buis het by dr Clarke ook al probleme veroorsaak, soos bloeding, as gevolg waarvan die pasiënt tydens sulke hoesbuie waarby die nasogastriese buis uit plek uit gaan, gelyktydig bloed hoes. Druksere aan die agterkant van sy keel was aanwesig. Probleme is by die pasiënt ondervind waarby die voeding ook nie deurgevoer is van die maag na die derm nie, maar dat dit in die maag agtergebly het. Die pasiënt het verskillende episodes van koors gehad.

Die pasiënt se arms is in 'n sogenaamde foetale posisie en baie styf, wat dit nie moontlik maak om sy arms reguit te maak nie. Die pasiënt het daarby dikwels spasmas gehad, wat veroorsaak dat dit moeilik is om te verpleeg, asook om ander middels toe te dien, soos spierontspannende middels, ook om sy lugweë te suig, asook om atropine toe te dien, asook om sy koorsepisodes te behandel. Die pasiënt se algemene toestand het geleidelik aan agteruitgegaan.

Daar is egter geen twyfel dat die pasiënt volgens die reg nog altyd lewe nie. Die dood is ook nie onmiddellik dreigend aanwesig nie, maar die pasiënt se lewensverwachting is onseker. Wanneer die nasogastriese voeding of enige ander vorm van voeding gestaak word, sal dit tot die beëindiging van so 'n pasiënt se lewe lei. Hoe lank dit egter sal duur, is nie presies bekend nie. Dit kan 'n hele aantal weke duur voordat die pasiënt uiteindelik doodgaan as gevolg van verhooring. Die staak van die voedingskema beteken egter dat die pasiënt se dood verhaas word, tensy daar 'n ander oorsaak sou ontstaan wat sy dood voor die tyd sou veroorsaak.

Die hof moet besluit

Die hof moet dus oor verskeie beginsels besluit, naamlik

- a) of die kurator, as sy sou riglyne gee dat die nasogastriese voedingsstelsel gestop moet word of enige ander vorm van kunsmatige voeding, onwettig of onregmatig en teen die pligte van haar *curator personae* ten opsigte van die pasiënt optree;
- b) of, indien die dood sou intree as 'n gevolg van die stop van die voeding, die kurator
 - i) volgens die reg die dood van die pasiënt sou veroorsaak en
 - ii) krimineel of deliktueel aanspreeklik is vir sy dood.

Die staat se standpunt

Die prokureur generaal het sy standpunt gestel met die volgende redenasie:

1. Enige daad wat 'n persoon se dood bespoedig, of 'n oorsaak daarvan is, alhoewel hy ten tye van die pleeg van die daad wat tot die dood lei, reeds dodelik gewond is, of al reeds aan 'n ernstige terminale toestand gely het, is 'n misdad.
2. As die doodmaak nie die bedoeling was om dit te doen nie, bly dit nogtans moord, alhoewel die moordenaar nie 'n slegte motief vir die daad hoef te gehad het nie. Hierby word weer verwys na dr Hartmann wat sy eie pa doodgemaak het.
3. Selfs 'n nalate om op te tree, waarby die nalate dan resulteer in die dood van die slagoffer, sal aanspreeklikheid veroorsaak aan die kant van die nalater, as hy onder 'n regsplig was om op te tree om te voorkom dat die slagoffer doodgaan.
4. Gevolglik in die huidige saak, as die applikant die nasogastriese voedingskema sou stop en die pasiënt se dood daardeur sou versnel of verhaas, sou die applikant se gedrag onregmatig wees.

Regter Thirion se standpunt

Die fout in die beredenering van die staat lê in die fout dat daar aangeneem word dat die gedrag *prima facie* onregmatig en volgens die wet slegs geregverdig kan word as daar bepaalde gronde van regverdiging is, soos selfverdediging, toestand, noodsaak, ens. Daar is egter nie 'n *numerus clausus* (vaste getal) regverdigingsgronde nie. Onregmatigheid is egter 'n spesifieke en algemeen toepasbare element van 'n deliktuele sowel as 'n kriminele aanspreeklikheid volgens die gemene reg.

Nadat Hugo de Groot se *Inleidinge* aangehaal is, word die bekende saak van *Universiteit van Pretoria v Tommy Meyer Films* van 1977 aangehaal waarby die uitspraak gedoen is dat onregmatigheid basies aan die hand van die *boni mores* bepaal word. Deur die maatstaf van die regsdoortuiging van die gemeenskap (waarby die *Ewels* saak ook aangehaal word) toe te pas, verkry die regstelsel die voordeel van die wisselwerking tussen die etos en die geregtelike voorbeeld en 'n soepelheid wat by meer presedentgebonde stelsels ontbreek.

'n Aantal Suid-Afrikaanse regsryers word oor hierdie onregmatigheds-beginsels geraadpleeg. Van der Merwe en Olivier merk in hulle boek *Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg* op: 'Voortdurend moet in die privaatreë 'n belange-afweging tussen persone plaasvind aan die hand van die redelikheid. Die redelikhedsmaatstaf, of sosiaaladekwaat soos dit soms genoem word, is 'n objektiewe maatstaf. Hier word eenvoudig met die algemene regsgevoel van die gemeenskap gewerk. Sosiaaladekwaat of redelikhedsmaatstaf is 'n handeling as dit volgens die regsgevoel van die gemeenskap regmatig is.' Die *boni mores* word as 'n objektiewe redelikhedsmaatstaf gesien.

Neethling, Potgieter en Visser beskou as kernvraag dat die dader die benadeelde se belange in die lig van die omstandighede van die geval volgens die regsopvatting van die gemeenskap (*boni mores*) op 'n redelike of onredelike wyse aangetas het. Prof. Snyman van Unisa beskryf in sy boek *Strafreë* onregmatigheid by die kriminele reg soos volg: 'Om vas te stel of 'n handeling wederregtelik is, moet dus gekyk word of dit in stryd is met die goeie sedes of die regsdoortuiging van die gemeenskap. Die regverdigingsgronde moet gesien word as praktiese hulpmiddels om die wederregtelikheid vas te stel. Hulle verteenwoordig maar net die situasies wat meestal in die praktyk voorkom en wat daarom al uitgekristalliseer het as maklik herkenbare gronde vir die uitsluiting van wederregtelikheid. Hulle dek egter nie die hele terrein van die onderwerp waarvoor dit hier gaan nie, te wete die afbakening van wederregtelike en regmatige gedrag.'

Regter Thirion vat dus saam dat die besluit of die staking van die kunsmatige voeding van die pasiënt en die dood wat daarop volg, onregmatig sal wees, beoordeel moet word aan die hand van die regsdoortuiging van ons gemeenskap (sy *boni mores*) of dit redelik is om die kunsmatige voeding van die pasiënt te staak. Die besluit oor hierdie kwessie hang dus af van wat onder kwaliteit-lewe verstaan word, wat nog vir die pasiënt oorbly, naamlik sy fisiese en geestelike status. Die regter merk op dat dit egter gereeld gebeur veral in gevalle van terminaal siek pasiënte dat die besluit geneem word dat die pasiënt toegelaat moet word om te sterf eerder as om die lyding van die pasiënt te verleng deur lewensondersteunende maatreëls.

In die strafsak van *S v Williams* oordeel die regter dat dit grotesk sou wees om te dink dat die slagoffer by hierdie saak aan die lewe gehou moet word op 'n ventilator nadat vasgestel is dat haar brein reeds gesterf het.

Die vordering in die mediese wetenskap en tegnologie het dit egter moontlik gemaak om pasiënte te resussiteer wat 'n hartstilstand gehad het en wat opgehou het met asemhaal en wat deur die gewone denkende gemeenskap as dood beskou word. In 'n Amerikaanse regstydskrif word dit soos volg uitgedruk: '*Medical advances have altered the physiological conditions of death in ways that may be alarming: highly invasive treatment may perpetuate human existence through a merger of body and machine that some might reasonably regard as an insult to life rather than its continuation.*'

Minute nadat die toevoer van suurstof na die brein gestop het, begin breinselle dood te gaan, breinselle wat verantwoordelik is vir die intellektuele lewe van die pasiënt. Inherent aan resussitasie is die reële gevaar dat teen die tyd wat die pasiënt geresussiteer is, sy intellektuele brein geheel en al verwoes kan wees, terwyl sy outonome senuweestelsel en breinstam nogtans in staat is om sy liggaam biologies aan die lewe te hou, waarby lewe dan slegs gesien word as 'n lewe wat op die vlak van 'n plantelewe staan, of selfs minder.

'n Buitelandse saak is daarna bespreek van 'n kind wat ernstige breinskade opgedoen het rondom die tyd van die geboorte. Groot dele van die brein waar daar breinweefsel moes wees, is met vog gevul en 'n baie siek en gehendikepte baba is gebore. Die pasiëntjie het herhaaldelik konvulsies gehad, asook episodes waar dit opgehou het om asem te haal en blou geword het. By twee geleenthede het dit gebeur en moes hy resussiteer word. Die pasiëntjie was by twee verskillende geleenthede geventileer vir langer periodes van tyd. Die pasiëntjie sou waarskynlik spastiese kwadriplegie ontwikkel en sou nooit in staat wees om regop te sit, of sy kop regop te hou nie. Die pasiëntjie sou baie onwaarskynlik ooit kon praat en baie onwaarskynlik ook selfs beperkte intellektuele funksies kon ontwikkel. Die pasiëntjie sou egter in staat wees om in dieselfde mate as 'n normale baba pyn te voel. Die pasiëntjie sou in staat wees om te lag en te huil. Die pasiëntjie se lewensverwachting was egter beperk en die vraag het na vore gekom of hierdie pasiëntjie in die geval waarby sy asemhaling weer sou stop, hy weer op 'n beasemingsmasjien geplaas moes word.

Na 'n lang woordstryd is toegelaat dat die behandelende neonataloë hulle eie opinie kon volg en dat dit in die baba se belang was om nie weer geventileer te word, indien hy weer sou kollabeer, nie gesien die huidige kliniese omstandighede nie. Daar is officieel beswaar gemaak by die Appèlhof dat hierdie bevel verkeerd was en dat die hof nooit geregtig is om toestemming te weerhou vir behandeling wat daartoe sou lei dat 'n kind 'n lewensbedreigende toestand kon oorleef nie. Die hof is nie in staat om te evalueer wat die gevolge van dood

is nie, naamlik *non-existence* en dat die respek vir die heiligheid van mense se lewe en die vereistes van die openbare mening, die hof kan weerhou om die kwaliteit van 'n gestremde persoon se lewe te evalueer nie. Die Appèlhof het hierdie submissie afgewys.

Internasionale kundiges van die Engelse regstelsel het ook hieroor verskil. Die een is vas oortuig dat nog die hof nog enige verantwoordelike ouer kan toestem dat lewensreddende behandeling teruggehou kan word op die basis van die kwaliteit van die pasiëntjie se lewe, waarby dan 'cabbage cases' as 'n uitsondering op die reël behandel moet word, omdat 'n oordeel gegee word oor die kwaliteit van daardie kind se lewe.

'n Ander deskundige het getuig dat daar geen twyfel kan wees dat daar 'n sterk voorkeur sal wees om aktief op te tree om die lewe te verleng, maar alhoewel aanvaar word dat 'cabbage cases' spesiale oorweging verdien, dit nie heeltemal onherroeplik is nie. Pyn en lyding en kwaliteit van lewe van die kind moet hierby in rekening gebring word.

Die belang van die beslissing lê in die feit dat die Hof van Appèl bepaal het dat dit ten eerste onvanpas is om in sake van hierdie probleemsituasies 'n evaluering van 'n pasiënt se lewe te doen en om te besluit of hierdie lewensondersteunende maatreëls geneem moet word en tweedens dat oorwegings van openbare opinie nie voorkom dat so 'n evaluasie gedoen kan word nie.

Toepassing van beginsels by dr Clarke

In die geval van dr Clarke is regter Thirion van opinie dat die weerhou van die voeding, waar voeding normaalweg 'n spesiale simboliese betekenis het, nie vir hierdie pasiënt wat totaal nie weet wat aangaan nie, enige simboliese betekenis het nie, om die eenvoudige rede dat hy dit nie waarneem as dit weerhou word nie. Die bespoediging van 'n persoon se dood is normaalweg gesproke nie geregverdig nie en daarom onregmatig, selfs wanneer so 'n persoon terminaal siek is en lei aan onuithoubare pyn. Hierby word dr Hartmann se saak aangehaal. Dit word egter nie as 'n absolute reël gesien nie. Dit het geleidelik aanvaarbaar geword dat 'n dokter by 'n terminale siekte medikasie kan gee met die doel om pyn te verlig, wat selfs met die dokter se kennis daartoe kan lei dat dit die pasiënt se lewe verkort. As 'n dokter die ventilator van 'n brein-beskadigde pasiënt, wat geen toekoms meer het vir wat betref herstel nie, sal afskakel en sy gedrag redelik is, word deur Regter Thirion die mening uitgespreek dat in ons reg so 'n dokter nie aanspreeklik sou wees volgens die regsdoelstelling van die gemeenskap nie.

Die Gemeenskap se regsgevoel (*boni mores*)

Die belangrike vraag word egter gevra waarom dit nie redelik is vir iemand om so 'n persoon eenvoudig te vermoor dat hy doodgaan nie en waarom die onthouding van voedsel wat sekerlik die pasiënt sal doodmaak, op dieselfde lyn lê as die onthou van suurstof. Die verskil word deur die regter gesien in die gemeenskap se gevoel van wat behoort en wat nie. Die gemeenskap glo dat sake moet verloop soos hulle volgens hulle natuurlike orde moet verloop. Die persoon wat vooruitloop op die funksie van die beul wat 'n veroordeelde man moet ophang, terwyl hy sy laaste stappe in die rigting van die galg doen, handel onregmatig wanneer by so 'n man sou doodmaak, afgesien van sy motief van die doodmaak van die veroordeelde man. So 'n persoon handel onregmatig omdat hy geen reg het om met die saak in te meng nie.

As 'n dokter dus 'n oordosering gee van 'n geneesmiddel om die pasiënt se pyn te verlig, waarby hy weet dat dit die pasiënt

se lewe verkort, word dit deur die gemeenskap nie as onregmatig gesien wanneer so 'n dokter so 'n daad uitvoer nie. Dit word gesien as geregverdig in ooreenstemming met die kriteria van redelikheid en daarom nie as onregmatig nie. Regter Thirion is van oordeel dat die lyne van onderskeid tussen wat reg en verkeerd is nie altyd getrek kan word volgens logika nie. Logika dikteer nie die vorming van die gemeenskap se regs- en morele oortuigings nie.

'n Dokter wat die dood van 'n pasiënt veroorsaak deur die voorskrif van 'n oordosering van 'n geneesmiddel met die bedoeling om die pasiënt dood te maak, veroorsaak die dood van die pasiënt op 'n manier wat nie verwant is aan enige regmatige funksie van 'n dokter nie. Die dokter veroorsaak nie alleen die dood nie, maar ook die oorsaak van die pasiënt se dood. Om hierdie gedrag toe te laat, sou die deur net oopmaak vir misbruik en sal mense blootstel aan 'n verskeidenheid van ongemagtigde en outokratiese besluitneming.

Daar is egter 'n morele beduidende verskil tussen terugstaan en aktief optree. Hierdie besluitname berus op die basis van intuïsie. Die neem van 'n aktiewe besluit impliseer 'n outokratiese kontrole oor die manier waarop die gebeurtenis verloop. Die dokter wat 'n behandelingsmetode wil gebruik om die lewe van 'n lydende pasiënt te beëindig, bepaal die moment en die manier van die pasiënt se dood.

By die geval van 'n nalate om lewensondersteunende prosesse aan die gang te sit sal regspraakbaarheid daarvan afhang, of daar 'n plig op so 'n persoon gerus het om hierdie lewensondersteunende prosedure in werking te stel. Daarom in die geval van die staak van sulke prosedure is die vraag of verantwoordelikheid afhang van die plig om nie aan te gaan met sulke prosedures, nadat hulle eenmaal ingestel is nie. Die plig om 'n lewensondersteunende prosedure te stop kan nie ontstaan as die prosedure wat ingestel is, onsuksesvol blyk nie. As 'n lewensondersteunende prosedure ingestel is en dit onsuksesvol blyk te wees, is daar geen doel in die aanhou daarmee en is dit gevolglik moontlik om dit te stop.

Wanneer daar by die pasiënt dus erge skade van die brein ontstaan het, wat gelei het tot vernietiging van sy kapasiteit en wat onherstelbaar is, waar die brein dus permanent die vermoë verloor het om fisies en mentaal te bestaan op 'n vlak wat kwalifiseer vir menslike lewe, kan nie voorsien word nie. Regter Thirion is egter van mening dat, gesien die gemeenskap se regsdoelstelling dat voeding van so 'n pasiënt nie dien vir die doel van die ondersteuning van 'n menslike lewe soos dit normaalweg bekend is nie, en dat die applikant, as sy aangestel word as 'n kurator van die pasiënt, redelik sal optree en geregverdig sal optree deur die kunsmatige voeding te stop, dat so 'n daad dan nie onregmatig sou wees indien dr Clarke se vrou dit doen nie.

'n Illustrasie van die saak van die *Staat v Williams* wie dan verantwoordelik sou wees vir die dood van die pasiënt, is tog van pas. Die pasiënt was 'n slagoffer van 'n moordaanslag en is geskiet en gewond. Die pasiënt het ernstige breinskade opgedoen wat noodsaak het dat sy op 'n ventilator gekoppel was om haar asemhaling aan die gang te hou. Toe dit vasgestel is dat die pasiënt breindood was, is die ventilator afgeskakel en het die hartslag en asemhaling daarna opgehou. Die argument is toe op appèl geopper dat die loskoppeling van die ventilator die wetlike oorsaak was van die slagoffer se dood en nie die skietwond nie. Die appèl-afdeling het egter in die guns van die appellans besluit dat, hoewel die slagoffer gelewe het toe sy aan die ventilator gekoppel was en dat nietemin die masjien afgeskakel is, dit nie die oorsaak van die pasiënt se dood was nie. Dr Buchmann het haar dus, om dit anders te stel, nie gedood nie, maar haar toegelaat om te sterf. Dit is die opinie

van appèlregter Rabie dat die oorsaaklike verband tussen die verwonding van die oorledene en haar uiteindelijke dood van die begin tot die einde bly voortbestaan het en dat dit nie, soos namens die appellant betoog is, deur die ont koppeling van die ventilator onderbreek en uitgeskakel is nie.

In prof. Snyman se boek *Strafreg* word daar ook gemaak dat in die saak van *S v Mokgethi* die hof daarvoor moet waak om verantwoordelikheid toe te staan wat die grense van redelikheid, billikheid en regverdigheid oortree. Die hof besluit dus dat die applikant mevrou Clarke in die beste belang van haar man optree. As die hof van oortuiging was dat sy nie in haar hoedanigheid van *curator personae* in die beste belang van haar man opgetree het nie, in haar hoedanigheid van *curator personae*, die hof nie so 'n toestemming in die beste belang van die pasiënt sou beskou het nie en sy ook nie as 'n kurator aangewys sou word nie. Die hof spreek sy sterke voorkeur uit vir die behoud van menslike lewe, maar gee daarby toe dat dit nie so ver gaan dat lewe ten alle koste en onafhanklik van sy kwaliteit aan die lewe gehou moet word nie. Die deurslaggewende faktor was ook dat die pasiënt, toe hy nog gelewe het, sy duidelike opinie uitgespreek het dat hy, wanneer hy in so 'n toestand sou kom, sou wou hê dat die doodproses sy gang

moet gaan. Daar kan dus nie gesê word dat die kurator nie in die beste belang van die pasiënt sou optree as sy sy nasogastriese buis sou verwyder nie.

Die Hof besluit

Die hof maak dus die volgende bevel dat mevrou Clarke as die kurator van dr Clarke aangestel word en dat sy die mag as kurator sal hê om mediese of chirurgiese behandeling toe te laat, of teen te staan en vir daardie doel ook die pasiënt op te neem in of te ontslaan uit enige hospitaal, *nursing home*, of institusie vir die sorg van geriatriese pasiënte en dat sy toegelaat moet word om enige behandeling wat die pasiënt op daardie moment ondergaan het, te staak of voort te sit. Die hof verklaar verder dat die applikant in haar hoedanigheid van *curator personae* van die pasiënt nie onregmatig of onwettig sou optree as sy opdrag sou gee om die nasogastriese buis te verwyder, of enige ander nie natuurlike voedingsstelsel nie. As sy toestemming vir mediese of chirurgiese behandeling weerhou, kan sy dit doen mits dit vir haar gepas lyk vir die gemak van die pasiënt, nie teenstaande die gevolg dat haar besluit die dood van haar man kan veroorsaak.

REKENAAR EN INTERNET

'n Biblioteek van klassieke werke

Christian Classics Ethereal Library

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

'n Massale biblioteek

Op een van my wandeltoege deur stad Internet – of om dit in Engels te sê: toe ek besig was om te 'surf' op die Net -, het ek 'n groot ontdekking gemaak: 'n yslike biblioteek met boeke en nogmaals boeke. Teologiese boeke. En laat ek dit sommer dadelik sê: nie sommer sulke boeke nie, maar boeke van groot manne uit die kerkgeskiedenis, kosbaarhede wat in boekvorm baie geld sal kos, boeke wat dikwels moeilik verkrygbaar is.

Bokant die indrukwekkende biblioteek staan geskrywe: Christian Classics Ethereal Library (CCEL).

Wat is die CCEL?

Die CCEL is die produk van professor Harry Plantinga, 'n professor in rekenaarwetenskap aan die Calvin College, en 'n klomp vrywillige medewerkers. Hulle het uit liefde vir die saak die boeke begin versamel: Sommiges is by ander adresse op die Internet gekry; baie boeke het hulle self met groot moeite afgetas en op hulle tuisblad geplaas.

Die woord 'Classics' sê alreeds wat u kan verwag om in hierdie biblioteek raak te loop: 'n versameling van klassieke werke uit die kerkgeskiedenis.

Belangrike werke

Die eerste waarop ek u aandag wil vestig, is *The Early Church Fathers*. Dit is 'n versameling van 38 volumes geskryf uit die eerste 800 jaar van die kerkgeskiedenis. Dit bevat onder andere al die werke van die groot kerkvader Augustinus: sy

Belydenisse, Die Stad van God, sy strydskrifte teen Pelagius en sy leer van die vrye wil, sy kommentaar op die Psalms en nog baie meer. Hierby moet ek beslis die skitterende inleidende opstel van BB Warfield, 'n groot Calvin-kenner, op Augustinus se werke teen Pelagius noem. Om al die name van die kerkvaders op te noem, is onmoontlik. Ek noem net enkele: Tertullianus, Chrysostomos en Athanasius. Die vroeë kerkvaders – dit was die biblioteek van Calvin en Luther. Calvin en Luther is diep beïnvloed deur iemand soos Augustinus. Hulle het die werke van die kerkvaders op die punte van hulle vingers geken. U moet maar net gaan kyk hoeveel maal Calvin hierdie manne in sy Institusie aanhaal - dan sal u weet wat 'n goudmyne die CCEL u bied.

In die CCEL-biblioteek sal u voorts nog werke van Calvin en Luther kry, baie werke van Puriteine soos Spurgeon en John Owen, die lywige kerkgeskiedenis van Philip Schaff. En hier moet ek sê: ensovoorts, ensovoorts.

Ek wil wel sê dat daar ook baie boeke is wat nie gereformeerd is nie. Ek dink onder andere aan die werke van John Wesley.

Die adres van die biblioteek en 'n CD

U kan die biblioteek gaan besoek by die volgende adres: <http://www.ccel.org/>

Wat daar is, is gratis, in die publieke domein. U kan dit aflaai en ook versprei.

Maar – dit is te veel om met u modem af te laai, behalwe as u baie tyd het. Dit is gelukkig ook op CD beskikbaar. Die prys is \$29.

Die Bybelstudiesentrum en die CCEL

\$29 (ongeveer R300) is vir ons in Suid-Afrika nog baie. Ek wil as deel van die Bybelstudiesentrum op Daniëlskuil hierdie CD saam met die Sola-CD (die Bybelprogram Theophilus en goeie

Gereformeerde werke) versprei. Op die CD van CCEL word mense aangemoedig om kopieë daarvan te maak en aan vriende te gee. Dit mag egter nie verkoop word nie. Ek sal dus net 'n donasie vra om my kostes te dek. Dit sal – soos die Sola-CD – in die omgewing van R50 wees.

'n Rand per week vir die biblioteek

Twee bydraes vir die biblioteek het ons die laaste maand verbly, een van R 3 000 en een van R 100. Die totale bedrag van die skenkings beloop tans $R\ 32\ 100 + R\ 3\ 100 = R\ 35\ 200$.

Die tweede stel rakke sal DV die einde van Maart vir gebruik gereed wees. Dan kan die tweede deel van die voorraad boeke geplaas word.

Die Stigting hoop om binnekort te vergader en verdere planne uit te werk.

Die versoeke van verlede maand om te help dink aan 'n geskikte naam en om verdere skenkings bly aktueel.

Die voorlopige streefbedrag is R 100 000. In enkele maande het ons meer as 'n derde van die totale bedrag ontvang. Ons herinner vrymoedig aan die slagspreuk: 'n Rand per week vir die biblioteek (maak in kort tyd 'n groot som). Ook groot skenkings bly welkom.

Bydraes kan regstreeks op die bankrekening gedeponeer word.

Die gegewens is:

Stigting vir Gereformeerde Literatuur

Absa Ben Swartstraat Tak

Wonderboom-Suid, Pretoria

Takkode: 334 645

Rekeningnommer: 90 7390 2771.

Tjeks, uitgemaak aan die Stigting, kan aan die administrasie-adres van *Waarheid en dwaling* gestuur word. Sien die gegewens op bladsy 2.

Namens die Stigting,

Eindredakteur

MEDIESE ETIEK

Rasag in die hospitaal, kliniek of laboratorium?

Prof. JM Boon, Pretoria

Doodmaak ondanks die reg van God, het die normale patroon in die gesondheidsorg geword. Dit beteken 'n duidelike wegbeweeg van die normale patroon van die Here.

Die sesde gebod is baie konkreet: Jy mag nie doodslaan nie. Die Here beskerm die lewe wat Hy gemaak het. Hy verbind die hele mensdom aan hierdie gebod. Elke individu word aangespreek. Die lewe van die naaste mag nie wederregtelik geneem word nie. Dit is wat die oorspronklike Hebreeuse woord 'doodmaak', wat in die sesde gebod gebruik word, beteken. Die woord *rasag* word nooit gebruik as daar van doodmaak in 'n oorlog gepraat word nie en ook nie as dit gaan om doodmaak wat deur die wet van die Here vereis word nie. Die woord *rasag* sou ons beter met wederregtelik doodmaak kon vertaal.

Dieselfde woord *rasag* word in Numeri 35:20-25 gebruik en verder uitgewerk: 'En as hy hom uit haat stamp of met opset na hom gooi, sodat hy sterwe, of hom uit vyandskap met sy hand slaan, sodat hy sterwe, dan moet hy wat geslaan het, sekerlik gedood word; hy is 'n moordenaar... Maar as hy hom onvoorsiens, sonder vyandskap, stamp of enigets sonder opset na hom gooi; of as hy enige klip waardeur iemand kan sterwe – as hy, sonder om dit te sien, dit op hom laat val, sodat hy sterwe, terwyl hy geen vyand van hom was en sy onheil nie gesoek het nie, dan moet die vergadering tussen hom wat doodgeslaan het, en die bloedwreker oordeel volgens hierdie voorskrifte. En die vergadering moet hom wat 'n doodslag begaan het, red uit die hand van die bloedwreker.'

Daar is dus in die wetgewing van die Here 'n verskil tussen doodmaak met duidelike bewuste voorbedagte raad of per ongeluk of sonder daarvan bewus te wees.

Die vraag is of die sesde gebod ook relevant is in die geneeskunde? Is daar sprake van wederregtelik doodmaak in die alledaagse mediese handeling in 'n hospitaal, kliniek en laboratorium? Soms gebeur dit dat 'n pasiënt sterf as gevolg van die behandeling van die medici, sonder dat dit die bedoeling of oogmerk van die behandeling was. Ons weet dat sekere medikasie nuwe-effekte het wat gebruik word om sekere simptome te bestry. Hierdie nuwe-effekte kan die dood moontlik verhaas.

Sou aktiewe eutanase, embryo doding deur middel van eksperimentele navorsing soos in vitro fertilisasie en sekere geboortebepurende tegnieke waar die embryo gedood word, gelykstaan aan wederregtelik doodmaak?

Dit is duidelik dat die Here in sy Woord wederregtelik doodmaak verbind aan bewus wees en ingelig wees dat die daad die dood tot gevolg sal hê. Die vraag is dus eenvoudig die volgende: Is medici bewus en ingelig oor die feit dat 'n mediese handeling daadwerklik die dood van die pasiënt tot gevolg sal hê? Want dit is presies wat die sesde gebod verbied. Nie doodslag in die algemeen nie, maar bewuste, teen die beterwete in, teen die

duidelike regtelike kennis dat hier sprake is van Godgegewe lewe.

Die antwoord op hierdie vraag word gevind in God se Woord en sy openbaring in die skepping. In die Bybel lees ons heel in die begin dat God die mens na sy beeld geskape het. Hy verbind aan hierdie lewe sy wet. Hierdie lewe mag nie wederregtelik geneem word nie. Die menslike lewe het reg van bestaan teenoor die medemens. Die in sonde gevalle mens word deur God se wet beskerm teen verontregting. God se reg eis dat die lewe nie geneem mag word as dit nie strook met sy reg nie. Sy reg is dat hy mense die lewe gee teenoor mekaar. Daarom eis hy die reg op: Jy mag nie wederregtelik doodmaak nie.

Die onttrekking van behandeling van terminaal siek pasiënte wat die sterwe versnel, kan dus nie as wederregtelik doodmaak gesien word nie.

Hoe weet ons egter dat daar sprake is van Godgegewe lewe? Is dit nie onmoontlik om aan te toon dat daar al by 'n embrio of ontwikkelende lewe in die baarmoeder reeds sprake is van Godgegewe lewe nie? En speel die kwaliteit van lewe nie ook 'n rol nie?

Die getuienis uit God se skepping gee hierop 'n oorweldigende antwoord. Met behulp van elektronmikroskopie en noukeurige anatomiese studies is dit duidelik dat die embrio reeds al die genetiese materiaal en al die biologiese eienskappe van lewe

besit. Geen bioloog sou kon ontken as daar in alle eerlikheid na die resultate van hierdie ondersoek gekyk word, dat daar nie sprake is van lewe nie. Hierdie inligting is verder nie onbekend en slegs toeganklik tot 'n paar ingewyde selbioloë nie. Nee, die inligting is vrylik beskikbaar vir enigiemand om te lees en te verifieer. Die Here wat die Skepper is van alle lewe, is ook die Skepper van die menslike embrio. Sy reg eis dat ook hierdie lewe, die lewe van siek terminale pasiënte asook die lewe met 'n gebrek, teenoor die medemens gehandhaaf sal word. Jy mag nie wederregtelik hierdie lewe neem nie, terwyl al die getuienis daar is dat dit God se lewe is.

Om hierdie lewe dus al in die baarmoeder met behulp van meganiese instrumentasie of farmakologiese middels dood te maak, kom neer op ingeligte, bewuste en met voorbedagte rade doodmaak. Die Skrif praat van wederregtelik met die hand slaan. Ons sou dit in vandag se terme kon verstaan as wederregtelik slaan met die abortiewe pil, 'morning after pil', instrumentasie wat inplating van die embrio in die baarmoeder verhoed, weggooi van embrio's in die laboratorium of farmakologiese middels wat die terminaal siek pasiënt se lewe wegneem.

Het die moderne mens met sy gevoel van ontwikkeling enigsins verder beweeg as Kain en sy selfgenoegsame vraag: 'Is ek my broer se wagter?' (Genesis 4: 8)?

Geensins.

KOMMENTAAR VAN LESERS

Jabes se gebed

'n Leseres uit Centurion laat weet:

Ek en ander het die Skrifoordenking oor die gebed van Jabes in die Januarie-nommer van *Waarheid en dwaling* saam bespreek en baie geniet. Waar sommiges tevore die gebed van Jabes elke dag gebid het, het hulle ná deeglike besinning daarvan afgesien. Ons het egter die gedeelte oor Jabes in die NAV (1983-vertaling) gelees, waar die woordjie 'as' nie in die gebed voorkom nie. Dit lyk vir ons of die gebed baie meer uitgesproke is sonder die voorwaardelike 'as'. Daar word 'n beroep op God gedoen: Seën my! Watter vertaling is korrek, en wat is die konsekwensies van die verskillende vertalings?

Ds GJ Meijer antwoord soos volg:

Die verskil in vertaling is inderdaad beduidend. In die OAV (1953-vertaling) is die sin voorwaardelik: 'As U my ryklik seën ...', terwyl die sin in die NAV (1983-vertaling) amper soos 'n eis klink: 'Stort u seën oor my uit ...'. Die Duitse vertaling gee

die sin in die vorm van 'n smeekgebed weer: 'Ach, dass du mich segnetest ...'. Die Hebreëuse teks laat geen twyfel nie. Jabes begin sy gebed met die woordjie 'im', wat deurgaans met 'as' vertaal word. So word dit ook in die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuagint, weergegee: 'ean' – as!

Wat is die betekenis hiervan? In die Skrifoordenking is gepoog om dié vraag te beantwoord. Jabes bid: Here, as U ...; maar hy kom nie by 'n 'dan' uit nie. Dit is vreemd. 'n Mens verwag 'n 'dan' na 'n 'as'. Tog is die vraag van Jabes in die lig van die moederbelofte (Genesis 3:15) nie vreemd nie. In teenstelling met sy ma se uitsigloosheid, wat in 1 Kronieke 4:9 uitgespel word, bely Jabes: Here, as U my ryklik seën, dan weet ek dat die moederbelofte ook vir my geld en in my lewe werklikheid word. Jabes se gebed getuig van geloof en hoop op die toekoms. Hy sien hoe God die pad na die koms van Christus oopbreek. Hy bid dat God hom, wat Jabes is, ook sal inspan om mee te werk aan Christus se koms in die vlees.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Zim-za-la-bim

Op die vooraand van die presidensiële verkiesing in ons buurland Zimbabwe lewer dr AJ de Visser redaksionele kommentaar in *Kompas* van Maart 2002.

Hy skryf:

Dit is moeilik om nie sinies te wees oor die gebeure in Zimbabwe nie. In die eerste plek is daar die optrede van president Robert Mugabe. Eens op 'n tyd was hy 'n voorbeeld van hoop

vir Afrika. Die blankes in Zimbabwe was bevrees dat hierdie militante Marxis sou wraak neem op sy voormalige 'onderdrukkers', maar in die tagtigerjare het Mugabe 'n gematigde beleid gevoer wat daarop gerig was om die blankes te akkommodeer. In daardie jare is Mugabe deur kenners beskryf as 'waarskynlik die mees bekwame leier in swart Afrika'. Dit klink ongelooflik as 'n mens sien hoe Mugabe vandag besig is om sy land en volk na die afgrond te stuur.

'n Tweede rede vir sinisme is die optrede van die staatshoofde van Suid-Afrika en ander buurlande. President Thabo Mbeki se beleid van 'stille diplomatie' ten opsigte van Zimbabwe lyk nie asof dit 'n wesentlik positiewe effek het nie. Vir Afro-pessimiste is Zimbabwe derhalwe die soveelste bewys dat Afrika nooit sal regkom nie.

Behalwe politieke en ekonomiese redes, is daar nog ander redes waarom ons as Christene die gebeure in Zimbabwe met belangstelling dophou. Nie net kry 'n mens die volk van Zimbabwe in die algemeen jammer nie, maar ons dink in hierdie tyd ook in besonder aan ons mede-Christene. Meer spesifiek dink ons aan gereformeerde kerke in Zimbabwe, byvoorbeeld die CCAP-kerke wat uit die sendingwerk van die NGK ontstaan het. Berigte uit Zimbabwe dui daarop dat die kerke swaarkry, nie net as gevolg van die politieke onrus nie, maar ook as gevolg van die toenemende armoede. Gemeentes vind dit al moeiliker om predikante se salarisse bymekaar te bring. Dit het uit die aard van die saak negatiewe gevolge vir die werk van die Here.

Dr de Visser vestig ons aandag op moontlike sinisme. Sterker nog: waarskynlike sinisme. Dit is moeilik om nie sinies te

wees nie. Inderdaad. Te meer as in gedagte gehou word wat die Suid-Afrikaanse regering se houding ten opsigte van die toestand in Zimbabwe is: Hoor nie, sien nie, praat nie. Alhoewel alles daarop dui dat korrupsie die lewe in Zimbabwe - die verkiesing ingesluit - lamlê, en die hele Suider-Afrika streek negatief raak, vervolmaak die Mbeki-kabinet die kuns om doodstil te swyg. Of word daar gehoop op die swaai van 'n towerstaf, soos wat ons in ons kinderdae kon doen: 'zim-za-la-bim, en alles is reg'? Met die stille hoop dat dit nie sal wees: 'zim-za-la-bim en Zimbabwe is weg' nie.

Dr de Visser roep die gelowiges in Suid-Afrika tot ander optrede op. Hy sluit sy artikel met 'n dringende oproep af: *Laat ons in hierdie tyd probeer om verby sinisme te beweeg. As ons glo dat Jesus Christus die Koning van die konings is, behoort ons ook te glo dat ons gebede 'n magtige wapen is in die stryd teen die bose. Mag in ons kerkgeboue en huise die gebede vir die volk van Zimbabwe opgaan. Mag die Here 'n spoedige herstel van vrede en stabiliteit gee sodat die werk in sy Koninkryk kan voortgaan.*

Hierop sê ons van harte ja en amen.

Namibië en Zimbabwe

'n Dag na die verkiesing gee dr Callie Opperman sy perspektief op die gebeure in Zimbabwe in die *Deo Gloria e-Brief* (Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid), Jaargang 3, Nommer 9, weer.

Mugabe het gewen. Dit sê die statistiek. 'Look at the score board', sê die mense na die rugbywedstryd – selfs al is daar vuil gespeel en het die 'ref ge-crook'. Al sê die Weste (Brittanje, Europese Unie, VSA) dit was nie 'n regverdige verkiesing nie, maar die Afrika state sê dit was – aan die uitslag sal dit nie nou iets verander nie.

DEO GLORIA probeer verby die menslike beoordelings kyk, verby die politieke manipulerings en intimidasies, verby die bitterheid van Afrika wat soos 'n gewonde luiperd nog kap-kap na die Westerse koloniale magte van vroeër, verby die geldmagte van die wêreld wat aan lande dwarsoor die wêreld wil voorskryf oor wat hulle sien as 'n vrye en regverdige verkiesing – ons probeer perspektief in die lig van die koms van die koninkryk van die hemel vind.

Die feite is dat baie Christene saam gebid het voor en tydens die verkiesing. Talle was ook nie skaam om te sê wat was die inhoud van hulle gebede nie: Mugabe moet af en Tsvangirai moes in. Het ons as mense met beperkte insig die reg om aan God voor te skryf oor die uitslag van 'n verkiesing? Nee!

Nou moet ons nog meer as ooit bid dat die Vader ons oë sal oopmaak vir hoe Hy sy hemelse koninkryk op aarde laat seëvier ten spyte van die uitslae van verkiesings. Al wen wie ook al op aarde – God se koninkryk kan nie van koning verander nie. Hy bly die Koning. Dit is nie van mense se wense afhanklik nie. Dis 'n teokrasie (God-regering) en nie 'n demokrasie (volks-regering) nie (Genadiglik ook!).

Daarom moet ons eerder vra na God se pad met Suider-Afrika. Hy het nie gebede vir beter politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande verhoor soos sy kinders vra nie. Dan moet daar 'n

ander antwoord wees. Is die Here van die heersers en Koning van die konings nie besig om ons tot gehoorsaamheid aan Hom te dwing, tot 'n soek van sy koninkryk bo alles, van 'n bekering van materialisme, plesiersug, sedeloosheid, skyngodsdienstigheid, liefdeloosheid nie, en wat nog meer?

Daarom moet ons ons weerhou van vinnige konklusies, van saamstem met die Weste of met Afrika. Hulle standpunte is glad nie so belangrik nie. Gaan in jou binnekamer en bely-vra: 'Here, dankie dat ek deur u genade deel kan wees van 'n koninkryk waarvan die voortbestaan nie deur verkiesingsuitslae bepaal word nie. Hoe kan ek te midde van die gebeure rondom my en my land nog meer gehoorsaam wees aan u koninkryk se eise? Lei my op 'n pad van bekering en diens om waarlik lig en sout te kan wees! Lei u kinders in die politieke arena om bo alles u wil te soek. Bewaar hulle wat ly onder onregverdige politieke stelsels van moedeloosheid en skenk geloof dat u steeds regeer'.

Dr Opperman gee 'n duidelike koers aan waarvolgens gelowiges behoort op te tree ná die verkiesing. Dit geld nie net vir gelowiges in Zimbabwe self, of in Namibië nie. Dit geld heel beslis vir elke gelowige kind van God in Suid-Afrika. Die gebeure in Zimbabwe raak ons ten nouste. Nie alleen wat die verdere vallende rand betref nie. Nog meer wat ons lewe voor God betref. Die 'bekering van materialisme, plesiersug, sedeloosheid, skyngodsdienstigheid, liefdeloosheid en wat nog meer' waarvoor dr Opperman pleit, tesame met 'n opregte soeke na die koms van God se koninkryk in Suid-Afrika en Suider-Afrika is 'n dwingende moet. Egoïstiese beskerming van eie belang en gerief vreet steeds soos kanker aan menige kerkmense. Diensbaarheid aan God is die wagwoord. By dit alles moet daar baie meer aktief gefokus word op en beplan word aan sinvolle sendingwerk in ons buurlande, asook soeke na samewerking met reeds bestaande kerke in daardie lande.

Klaagliedere vir Zimbabwe

'n Verdere perspektief op die verkiesingsuitslag kom uit die pen van André van Niekerk in die gereëldde Saterdag-rubriek 'n Woord onderweg' in *Beeld* van 16 Maart.

Hy skryf:

Waaroor sou jou boodskap in môre se erediens gegaan het as jy 'n prediker in Zimbabwe was?

Om die flagrante intimidasie van die Zimbabwiese regering en die skokkende verklarings van Afrika se waarnemerspanne in die erediens te ignoreer, is byna onmoontlik. Om te maak asof niks teleurstellends gebeur het nie, is valse vroomheid. Christene bid tog al maande lank dat die dwaasheid en onreg, wat die hele subkontinent raak, op 'n bloedlose manier moet ophou.

'n Mens sou so verleë en onseker kan wees oor wat om te preek dat jy 'n goeie geloofsreël misbruik. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer ons verklaar dat ons in onsekere tye maar eerder by 'die objektiewe heilswaarhede' moet bly. 'Dit is immers môre al die vyfde Lydensondag', kan aangevoer word, 'kom ons dink aan Jesus se swaarkry en nie aan ons eie nie'. So 'n uitweg is onverantwoordelik. Boonop kommunikeer dit dat die Christelike geloof nie lewensraad vir hierdie soort teleurstellings het nie.

Werklikheidsontvlugting is nie die Bybelse model van geloof nie. Die Bybel-skrywers het hulle nie losgemaak van die dramatiese politieke gebeure van hul tyd nie. Hulle het eerlik hul teleurstelling aan God en selfs hul twyfel in God te kenne gegee. Die boodskap van die Bybel-getuies oor God het voortgespruit uit hul persoonlike ervarings wat met die maatskaplike omstandighede en politieke verwickelings verweef is.

Nadat Nebukadnesar se leërs Jerusalem suksesvol ingeneem het en die platteland verwoes is, het gelowiges in God getwyfel. Daar was niks waaraan hulle kon vashou nie. Die simbole van God se teenwoordigheid en getroue beskerming is letterlik platgeslaan: die tempel, die koning se paleis en die stadmuur.

Die vooraanstaande mense is weggevoer na 'n vreemde land, Babilonië, en 'n vreemde vors het oor die agtergeblewenes geregeer.

Die vyf gedigte van die boek Klaagliedere is 'n openhartige reaksie op die traumatiese gebeure van 597-586 v.C. Volgens Eben Scheffler (*Ancient Israelite Literature in Context*) bevat die boek die persoonlike belewenisse van onbekende skrywer(s) kort

ná die gebeure. Die politieke omwenteling het mense se godsbegrip uitmekaar geskeur. Hongersnood en geweld het daartoe bygedra dat lyding op elke vlak ondervind is: politiek, fisiek, ekonomies, sosiaal, psigies en godsdienstig.

Daar word gekla dat God verander het. God het sy woord gebreek, teen sy mense gedraai en hulle in die steek gelaat. Al oorsaak waaraan gedink kan word vir die gebeure is hul sondes en die sondes van die vaders. Maar 'n duidelike verband oor watter sonde so 'n verskriklike gevolg kan hê, kan nie gegee word nie. Daar is geen teken dat dit op iets goeds kan uitloop nie. Maar, as daar geduldig op God gewag word, is daar 'miskien' hoop! (Klaagliedere 3:29)

Klaagliedere is 'n goeie preekteks. Na die teleurstelling soos die Zimbabwiese verkiesing is dit allereers belangrik dat mense hul rou hartseer voor God bekla. Ons durf nie ons hartsgevoelens onderdruk deur te probeer om God vir alles te loof soos sommige voorstel nie. Die 'miskien' wat in 'n eerlike klaaglied tot stand kom, is sterker as onrealistiese lofliedere. Dit vorm 'n sterk genoeg brug wat kan uitloop op geloof in die lydende Jesus wat van God verlate was.

Alles wat in hierdie perspektief gestel word, kan nie onvoorwaardelik aanvaar word nie. Klaagliedere is baie meer as 'die boek van persoonlike belewenisse van onbekende skrywer(s) kort ná die gebeure' van die ballingskap. Elke woord van Klaagliedere is Woord van God. Nietemin word 'n belangrike saak onderstreep. Die gebeure in Zimbabwe behoort ons tot diepe skuldbesef en –erkenning voor God te bring. 'n Klaaglied is gepas. Wie ongesteurd met sy lewe sou voortgaan, asof niks gebeur het nie, sou sy oë sluit vir God se groot en regverdige werke in ons midde. Nie net ongekende droogte of alles vernietigende oorstromings, nie net misdad en moord in ons vaderland nie – ook ingrypende gebeurtenisse in ons buurland moet gelowiges individueel en kerke gesamentlik tot waargtige verootmoediging voor God bring.

GEBED VAN CALVYN¹

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 17:11-14* en dan veral vers 14:

'Maak my gesond, HERE, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof.'

Almagtige God,

Gee aan ons, in voorspoedige en in moeilike dae, dat ons ons gewillig aan u leiding onderwerp en ons slegs dan ons volkome gelukkig ag, wanneer ons in afhanklikheid van U lewe en wanneer ons vrede vind in die heil, wat U ons nou reeds laat smaak, totdat ons in die ewige rus sal ingaan en in die volle vreugde van u heil geplaas sal word, wanneer U ons opneem in u heerlikheid wat vir ons deur die bloed van u eniggebore Seun verwerf is.

Amen.

¹ Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.